

2 April 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 9

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za



Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk
Die Hervormer
e-Hervormer

www.nhk.co.za
www.hervormer.co.za
www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

Laat skyn Christus se lig ook oor vigslyers

Die Vierde Suid-Afrikaanse Vigskonferensie vind van 30 Maart tot 4 April plaas in Durban. Hierdie konferensie word beskou as die grootste Suid-Afrikaanse Vigskonferensie wat tot op hede in ons land geloods is. Daar is vanjaar 4 142 afgevaardigdes uit 52 lande teenwoordig.

Scaling up to success is vanjaar se tema, asook die realiteit dat die pandemie steeds woed en dat daar oënskynlik nog geen klinkklare antwoorde of oplossings is nie. Van 2000 tot 2005 was daar 330 000 sterfgevälle en 35 000 babas is met die MIV-virus gebore. Vroue word steeds nie genoegsaam getoets nie, en tuberkulose is nog 'n epidemie wat aangevuur word deur MIV.

Wat is die leemtes? Van die wetenskaplike word wetenskaplike antwoorde gevra, aan die regerings word gevra na hulle beleid en prosedures, en van elke kongresganger word gevra: Wat is jou bydrae? Wat gaan jy hieromtrent doen?

Emeritus aartsbiskop Desmond Tutu was verantwoordelik vir die Nkosi Johnson-lesing. Vanjaar is hy bygestaan deur die 16-jarige Luyanda Ngcoba van Nyanga. Vir die eerste keer is die geloofgebaseerde organisasies ook betrek.

Ons moet dalk leer om anders na die hele MIV/vigs-saak te kyk. Ons moet dit nie sien as 'n probleem nie, maar as 'n uitdaging en 'n geleentheid waarin ons konkreet die liefde van Christus gesig kan gee. Dit gaan nie soseer oor 'n oorlog wat gewen moet word nie – eerder oor die mens in sy vele fasette. Ons moet holisties fokus op die mens en sy gesondheid. Ons liggaam is tog 'n tempel van God.

Ons moet leer om die geïnfekteerdes en hulle versorgers te omhels, hulle hande sterk te maak en te help waar dit moontlik is. Net soos met enige ander chroniese siekte waar mense versorg word, is dit dikwels die versorgers wat aan die kortste end trek.

Ons moet uitkyk in ons omgewings en hande vat met ander organisasies wat hulp verleen en nie probeer om 'n eie Hervormde wiel uit te vind nie. Laat ons konkreet die baken van hoop wees wat Christus se lig vir die wêreld konkretiseer.

**Ds Kathleen Smith
Kaapstad**



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.



Beroep ontvang

- **Ds Buddie Dupper** van Christiana na die Piet Retiefkombinasie
- **Ds Petri van Rooyen** van Rooihuiskraal na Vaalharts
- **Ds Petrus Harmzen** van Hartbeesfontein/Gerdau na die Kurumankombinasie



Beroep aanvaar

- **Ds Buddie Dupper** van Christiana na die Piet Retiefkombinasie

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Mev Dirkie Naudé, eggenote van emerituspredikant **ds Koos Naudé**, is Saterdagoggend 28 Maart oorlede nadat sy lank aan kanker gely het. Sy is die suster van ds Thomas Dreyer (emeritus), prof Theuns en dr Hans Dreyer. Hulle broer ds Herbert Dreyer is ook onlangs oorlede. Die begrafnis het plaasgevind op Woensdag 1 April in Potchefstroom, en die diens is deur ds Leon Geel van Gemeente Grimbeekpark gelei. Meegevoel word met ds Koos en die Dreyerfamilie betuig.



- **Ds Collin Hertzog** van Gemeente Middelburg-Noord neem eerskomende naweek aan die ystermankompetisie in Port Elizabeth deel. Ons wens kom *sterkte* toe!

- Hanro Janse van Rensburg, seun van **ds Hannes Janse van Rensburg**, het tydens die SA Swemkampioenskappe aan die einde van Maart 2 brons, 1 silwer en 4 goue medaljes verower.

- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het die Pieter van Drimmelen-medalje toegeken aan **prof Bart Oberholzer** vir sy werk as hoofredakteur van *Die Bybel vir Dowes*. Die medalje word op 27 Junie tydens die Akademie se eeufeesvieringe in Bloemfontein oorhandig.



- Gemeente Delmas het onlangs **ds Danie Struwig** se 25 jaar in die gemeente gevier. Tydens 'n Nagmaalrediens is 'n sertifikaat van verdienste aan ds Struwig oorhandig. Die lidmate laat weet hulle is ds Danie en sy vrou, Lienie, baie dank verskuldig vir hulle onbaatsugtige diens. Veral huisbesoek en sy werk met die bejaardes is vir hom 'n besondere passie.



- **Di Thys Redelinghuys en Wicus van der Merwe** het tydens hulle besoek aan lidmate in Harare 'n nuwe opname gemaak van goedere wat benodig word. Hulle berig dat die omstandighede van die lidmate daar nog geensins verander het nie. Die predikantsvroue het veral die vroulike lidmate ondersteun.

- Die volgende **predikante verjaar gedurende die komende week**, en word van harte gelukgewens:

- Donderdag 2 April: Ds Ananda Geyser-Fouché
- Vrydag 3 April: Ds David Barnard
- Saterdag 4 April: Ds Stephan Botha en emerituspredikant ds Frik van Oosten
- Sondag 5 April: Ds Willem Barnard en prop Tanya Swartz
- Maandag 6 April: Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen



- o Dinsdag 7 April: Di Corné Lemmens, Frans Redelinghuys en dr Hennie van Deventer
- o Donderdag 9 April: Ds Marius Bacon

- **Prop Giel (MD) Malan** se selfoonnommer het verander. Sy nuwe nommer is 073 570 4644, en sy vrou se nommer is 082 922 4089. Wysig asseblief die gegewens op bladsy 31 van die *Almanak*.
- 'n Groot gedeelte van ons Kerk en gemeenskap se lidmate is ouer as 60 jaar, en hierdie lidmate vra gespesialiseerde aandag van gemeentes. Predikante en seniordiensgroepbesture word genooi na 'n werkwinkel met die tema **Seniorlidmaatbegeleiding** op Dinsdag 21 April van 09:00 tot 12:00 by Gemeente Wonderboompoort, hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal. Dit word onder leiding van dr Wilhelm Coetzer en prof Bieks Beukes aangebied. Kontak die kantoor van dr Coetzer by 012 322 8885 of prof Beukes by 072 036 4960.
- Kom luister om 18:00 op Sondagaand 5 April na hoogtepunte uit **Die Messias van Handel**. Dit vind plaas in die kerkgebou van Gemeente Wonderboompoort, hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal, Pretoria, en toegang is gratis. Geniet tee en koffie daarna. Skakel ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of 012 335 0040.

- **Gemeente Alberton**

Verlede week is verkeerdelik berig dat Gemeente Alberton vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n tweede standplaas geskep het. **Ds Pieter Viljoen**, predikant van die gemeente (toevallig ook die gemeente waar hy grootgeword het), stel die saak soos volg reg:

In 1978 het die ring van Germiston besluit om ongeveer 200 lidmate van Gemeente Germiston (veral woonagtig in die voorstede Dinwiddie en Albemarle) by Alberton in te skakel. Ds PJ Booysen het aanvanklik pastorale hulp gelever, met ds JN Wolmarans as voltydse predikant. In Januarie 1983 is ds Petri de Kock in die tweede standplaas bevestig en ds Pieter Viljoen in Januarie 1986, nadat ds De Kock die beroep na Gemeente Kimberley aanvaar het. In 1993 aanvaar ds Nic Wolmarans emeritaat, en in Januarie 1994 skakel meer as 200 lidmate weer by Germiston in, met ongeveer 600 lidmate wat in Alberton oorbly. Gemeente Alberton besluit om die tweede standplaas op te hef tot en met 2009, waar daar nou 'n deelydse standplaas geskep is.

- Predikante is verplig om die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se Voortgesette Toerusting by te woon. Die twee VTT-geleenthede vanjaar is **2-3 Junie** en **10-11 November**. Dit vind plaas in die kerksentrum van Gemeente Villieria, en die tema is *Persoonlike vaardighede* (byvoorbeeld konflikthantering, beïnvloeding en emosionele intelligensie). Laat weet **mev Betsie Brits** asseblief **voor 26 Mei** indien u die geleentheid in Junie wil bywoon. Enige navrae kan ook aan haar gerig word, by 012 420 5393, faks 012 420 4303 of betsie.brits@up.ac.za.



Di Johan Viljoen (links agter) van Gemeente Koorfontein en Pieter Viljoen van Gemeente Alberton (regs agter), saam met hul ouers, Rassie en Girlie Viljoen.

- **MRCC se jeug vergader**

Op Saterdag 28 Maart het 100 lede van die MRCC se jeugvereniging (die MBB genoem) 'n Nasionale Kongres by die Sinodale Kerkkantoor bygewoon. Twee afgevaardigdes uit elke gemeente van die MRCC was teenwoordig. Die Moderamen van die MRCC het leiding geneem met die opstel van 'n hersiene konstitusie en die verkiesing van 'n nuwe bestuur. Aangesien daar gedurende 2009 'n Algemene Kerkvergadering en gedurende 2010 'n Kongres van die Moedersbond plaasvind, sal die volgende Nasionale Kongres van die MBB eers gedurende 2011 plaasvind. Daar sal egter wel in die tussentyd streekkongresse plaasvind.

Die MBB bestaan uit hoërskoolkinders en jongmense tot en met die ouderdom van 35 jaar (tussen 16 en 35 jaar). Die MBB word in streke verdeel. Dit is veral die Pretoria- en Natalstreke wat besonder aktief is.

Tydens die geleentheid van 28 Maart is 70 Bybels uitgedeel, wat deur die verteenwoordigers onder aktiewe lede van die MBB versprei sal word. Die ideaal is om binne die volgende twee jaar aan elke jongmens wat by die MRCC betrokke is en daarna sou vra, 'n Bybel te gee (een Bybel kos tans R41). In 'n sekere sin is hierdie jongmense in Suid-Afrika die toekoms van kerkwees in 'n Hervormde tradisie, en dit is verblydend om te ervaar dat die MRCC se jeugbetrokkenheid groei. Ons behoort daarom alles moontlik te doen om die werk van die MBB te ondersteun. Diegene wat 'n bydrae op die een of ander wyse wil lewer, kan prof Natie van Wyk kontak by aim1@mweb.co.za.



ANDER NUUS

- SENTIK benodig ervare **advertensieverkopers** om op 'n kommissiebasis advertensies vir die Kerk se publikasies te werf. Ons is ook op soek na mense met kennis van die boekhandel wat ons op 'n kommissiebasis kan help met die **bemarking van kerklike literatuur**. Belangstellendes kan dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie, kontak by 012 322 8885 of wouter@nhk.co.za.
- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind elke jaar by UP plaas gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393, faks 012 420 4303; e-pos betsie.brits@up.ac.za. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 30 April. **Vanjaar se evaluering vind plaas op Vrydag 17 Julie.**



Mev Elsie Brits

Mev Susan Reyneke

- **Mev Elsie Brits**, voorheen sekretaresse by die afdeling Mannekrag in die Sinodale Kerkkantoor, is nou werksaam by Finansies (Invorderings) in die plek van **mev Madelaine Pretorius**, wat bedank het. In Elsie se plek by Mannekrag is **mev Susan Reyneke** aangestel.
- **Belangrike vergaderings**
 - Die redaksie van *Konteks* vergader op Maandag 6 April.
 - Die Dagbestuur van die Kinderhuise vergader op Donderdag 9 April.
 - Die vergadering van die NHSV Dagbestuur wat beplan is vir Saterdag 9 Mei, vind nou plaas op Saterdag 18 April 2009.
- **Uitgawes van die e-Hervormer**

Lesers moet asseblief kennis neem dat daar **nie op Donderdag 16 April** 'n uitgawe van die *e-Hervormer* sal wees nie.

Nuus uit Die Ondersteuningsraad

- Die Ondersteuningsraad wil gedurende die **September-skoolvakansie** 'n **kamp** aanbied vir 100 kinders wat in pleegsorg verkeer, by kinderhofondersoeke betrokke is, aan verwaarlosing en mishandeling blootgestel is, ensovoorts. Dit is die 10de sodanige kamp en is uitgebrei sodat kinders van ander kantore van die Raad ook betrek kan word. Tydens die kampe word terapeutiese groepwerk deur maatskaplike werkers aangebied. Studente help ook met die aanbieding van bewuswordingsgroepe, rekreasie, sportaktiwiteite en vryetydsbesteding. Die Ondersteuningsraad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325 2320, 071 684 7789 of oraad@telkomsa.net. Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).
- Die Ondersteuningsraad bied tans 'n **fotografiekompetisie** aan met die oog op Nasionale Kinderbeskermingsweek. Kontantpryse kan gewen word in drie kategorieë, wat laer- en hoërskoolkinders en volwassenes insluit. Vir meer inligting kan Charmaine Fourie gekontak word by 012 322 8885, 071 684 7796 of oraadpb@nhk.co.za. **Baie dankie aan die borge** wat kontant vir die pryse van die fotografiekompetisie geskenk het. Hulle sluit in Oorwinningskinders, die direksie van die kinderhuise, Gemeente Horison-Roodepoort en Rodeo Geotechnics (Pty) Ltd.
- Baie dankie ook vir die **oorweldigende reaksie** op die versoek vir die skenking van 'n enkelbed en sy matras asook 'n ekstra matras. Spesiale dank aan die donateur vir die kontantoorbetaling waarmee 'n matras en ander noodsaaklikhede aangekoop is.

KOMMENTAAR

Baie dankie aan lesers wat briewe van waardering of met nuus aan die redaksie stuur. Kommentaar oor die inhoud wat die potensiaal het om interessante debat uit te lok, kan egter nie in die weeklikse blitspos-nuusbrief geplaas word nie. Daar is eenvoudig nie plek daarvoor nie, en die redaksie wil nie graag van die *e-Hervormer* 'n kontensieuse publikasie maak nie. Die meeste lesers wil bloot kennis neem van wat van dag tot dag in hulle Kerk gebeur.


Lesers wat bepaalde aangeleenthede wil debatteer, kan aantekens by die Gespreksforum op die Kerk se webblad. U kan net klik op die skakel <http://www.nhk.co.za/index.php?pageid=7878> en u bydrae daar plaas. Die Gespreksforum is die nuwe Briewekolom vir al die publikasies van die Kerk.

AGTERBLAD

SENTIK se boekwinkel kom tuis

SENTIK is baie opgewonde oor die nuutste skuif hier by die Kerkkantoor: Die boekwinkel skuif ook in Barton Keep in! Die winkel kom nou tuis in die mooi vertrek reg by die voordeur van hierdie historiese gebou wat 'n eeu gelede die burgemeester van Pretoria se woning was. Dit gaan 'n besoek aan die boekwinkel baie aangenaam maak, veral ook omdat Barton Keep oor die afgelope jaar so mooi gerestoureer is. Dit moet die perfekte russtasie word vir almal wat na goeie Christelike boeke en 'n ietsie meer soek. Mev Susann van Zyl is steeds die vriendelike bestuurder van die boekwinkel wat sorg dat alles seepglad loop, terwyl sy nou ook as SENTIK se administratiewe assistent gaan diens doen. Lidmate kan haar steeds kontak vir alle bestellings van kerklike boeke, terwyl sy binnekort ook die tydskrifbestellings sal behartig.

Daar word nog verbeterings aan die voorkoms van die boekwinkel beplan, en in die toekoms sal 'n al groter verskeidenheid boeke en ander artikels aangehou word. Ons het reeds begin om die voorraad aan te vul met goeie boeke van 'n paar van ons predikante. Lesers kan gerus kom kyk na die twee interessante preekbundels van ds Neels van Tonder – hierdie bekroonde preekbundels bied 'n vars perspektief op talle bekende tekste. Daar is ook twee boeke van dr Willem Smith wat die vrae behandel van mense wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan, en 'n prikkelende boek van dr Gerhard Nel oor 'n Christelike leierskapstyl wat juis in die korporatiewe wêreld besonder effektief is (in Engels geskryf). Belangstellendes kan mev Van Zyl skakel by 012 322 8885.



Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Tekstversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunsenaar: Mej Francis Coertse